Laerskool Queenswood

Omsendbrief 11

13 April 2011

Geagte Ouers en Voogde

KWARTAAL TWEE:

Welkom terug na 'n kort ruskansie. Ons hoop u het die vakansie saam met u gesin geniet en uitsien na 'n nuwe besige kwartaal!

28 en 29 APRIL 2011:

Ons het die vorige kwartaal in verskeie omsendbriewe genoem dat die Departement 'n omsendskrywe aan skole in Gauteng gerig en versoek het om normaal op bogenoemde twee dae te funksioneer. Volgens 'n nuwe omsendskrywe vanaf die Departement ontvang, sal skole op 28 en 29 April 2011 gesluit wees. Die naskool sal slegs op 26 April 2011 gesluit wees. Vakansietariewe geld vir 28 en 29 April 2011.

PERSONEEL - TOTSIENS EN WELKOM:

Ons het reeds aan die einde van die vorige kwartaal vir mev. Meijers totsiens gesê. Ons verwelkom mej. Danelle Willemse wat in mev. Meijers se plek tot aan die einde van die jaar skool hou.

Ons het ook ons geliefde kantoor tannie, Mariana van Wyk, gegroet. Sy het 'n onderwyspos as rekenaaronderwyser aanvaar. Sy was baie bemind onder die personeel en leerders en gaan verseker baie gemis word. Ons beste wense vergesel haar. Ons heet mev. Dinelle Zerwick, wat in Mariana se plek aangestel is, baie welkom en hoop sy sal baie gelukkig wees by ons skool.

NUWE LEERDERS:

Baie welkom aan al ons nuwe leerders en hul ouers. Ons vertrou dat die leerders baie gelukkig in ons skool gaan wees.

VERJAARSDAE - PERSONEEL:

Baie geluk aan die volgende personeellede wat gedurende die vakansie verjaar het en ook gedurende hierdie week verjaar.

Mev. Weber - 31 Maart Mnr. Ludick - 2 April Mev. Marais - 15 April

Mnr. Combrinck - 19 April

Ons hoop dat dit 'n voorspoedige en gelukkige jaar vir hulle gaan wees.

BOBBY VAN JAARSVELD:



Eerskomende Vrydagaand, 15 April 2011, is die optrede van Bobby van Jaarsveld op ons skool se rugbyveld. Die hekke open om 17:00. Die voorvertoning waar Bobby se suster, Karlien van Jaarsveld, en ander Idols optree, begin om 19:00. Die hoofvertoning begin om 20:00.

WENNERS VAN DIE BEESLOOTJIES:



Halwe bees: D. Briedenhann

Agterkwart: Nanette Briers

Voorkwart: Gustav Barnard

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het. U het beslis gehelp dat ons dogters en seuns op die netbal- en rugbytoere kon gaan.

WÊRELDKENNIS OLIMPIADE:

Die Wêreldkennis Olimpiade vind op Donderdag 19 Mei 2011 plaas en nie op 21 April 2011 soos op die skoolkalender aangedui nie.

KOELDRANK VERHOGING:

Allle koeldrank wat in die skool se snoepie verkoop word, word as gevolg van prysverhogings, vanaf 1 Mei 2011 na R7.50 verhoog.

Punte van belang:

Kwartaal twee

28 en 29 April 2011

Personeel

Nuwe leerders

Verjaarsdae - Personeel

Bobby van Jaarsveld

Beeslootjies

Wêreldkennis Olimpiade

Koeldrankverhoging

Punte van belang:

Saamrygeleentheid

Mr. and miss. Tiny South Africa 2011

Rugby

My School-kaart

SAAMRYGELEENTHEID:

'n Graad een leerder se ouers is op soek na 'n saamrygeleentheid vir hul kind. Indien u verby Rietondale Primary School in Soutpansbergweg ry, en dit vir u moontlik is om die leerder op- of af te laai, skakel asseblief vir Japie Venter by selfoonnommer: 082 336 1903.

Mr. Tiny and miss. Petite South Africa 2011:

Ons skool het talent!! Adriaan Moolman is Saterdag, 9 April 2011, gekroon as mr. Tiny South Africa 2011. Hy het ook ander afdelings, "Best of the Best Junior Interview", "Best Ramp Model" en "Best dressed" in die kompetisie gewen. Kayleigh Slement was eerste prinses in miss. Petite South Africa 2011 en ook eerste prinses in Little miss. World South Africa 2011. Baie geluk aan julle twee!

RUGBY:

Rugbyoefeninge gaan normaalweg, soos verlede kwartaal, op dieselfde tye voort.

Raadpleeg u skoolkalender vir ligawedstryde. Die ligawedstryd van Donderdag 14 April 2011 word verskuif na Dinsdag 19 April 2011. Doxa-Deo se leerders is tans op 'n op-voedkundige toer. Die eerste wedstryd dien ook as eerste proewe vir die 0/12 en 0/13 spelers.

MY SCHOOL-KAART:

Gebruik asseblief u kaart so gereeld as wat u kan.

Vriendelike groete

R. LUDICK

PRINSIPAAL